# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 204
22 Julie 2022

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**’n Vol Lewe**

Dit is altyd mooi om op 'n grafsteen te kan skryf dat iemand 'n vol lewe gelei het. Maar wat bedoel ons wanneer ons daardie stelling maak? Wanneer is die mens se lewe vol? Wat vul die mens se lewe sodat ons kan praat van 'n vol lewe? Is dit eers by afsterwe wat ons van vol lewe kan praat? Dit is duidelik dat die definisie van "vol lewe" verskil van geslag tot geslag, van volk tot volk. Elke gemeenskap het 'n eie verstaan van wat die lewe vol maak. Ons gaan moet dieper delf ...

<u>Ouderdom</u>

Die maklikste is om te verwys na die vol lewe in terme van tyd. Die persoon wat diep in hulle jare ingaan, het dan 'n vol lewe gehad. Dit is problematies. Toe ek begin het as predikant het ek naasbestaandes van 'n vyf-en-sestig jarige persoon wat afgesterf het, getroos met die cliché van ‘n vol lewe. Vandag sal ek en my kollegas moet sê: "Nog so jonk." Nou is tagtig en negentig tekenend van 'n "vol lewe" in terme van tyd. Kan dit so eenvoudig wees? Ons is komplekse wesens en ons word gevorm en gedefinieer in terme van baie meer as net kronologiese terme. Dit is van net soveel belang om daarop te let dat die aksies van die mens - in die tyd tot sy beskikking - ook inspeel op ons verstaan van "vol".

<u>Program/beroep</u>

Baie mense sal kyk na 'n lewe met 'n vol program en dan hierdie besig wees sien as 'n vol lewe. Dit is so dat die dinge wat ons regkry - ons prestasies en bydraes - kan lei tot vervulling en daarby kan bydra om jou lewe te sien as "vol". Net omdat jy elke dag 'n magdom afsprake het en die hele tyd besig is, impliseer nie noodwendig dat jy 'n sinvolle bestaan voer nie. Daar is politici, dokters, mense in hoë poste in die staat en privaatsektor wie se dagboek vir maande vooruit vol bespreek is. Die afhandel van take en die doen van jou werk lei nie noodwendig tot vervulling nie. Die statistiek wys dat depressie naas familie krisisse en spanning die derde grootste probleem in die werksmilieu is. Depressie dra jy in jou sielsbestaan in en dit raak jou langtermyn gemoed. ’n Vol lewe kan dus nie in terme van aktiwiteite definieer word nie.

Dit is veral onder die ouer geslag die hoë waardering vir familie en nageslag wat maak dat hulle na 'n vol lewe verwys. Die bestaan van kinders, kleinkinders en selfs agter-kleinkinders word dan gesien as 'n teken van 'n vol lewe. Al is dit 'n edel taak om die getalle van ons volkie te laat groei, is dit nie bewys van 'n vol lewe nie. Dit gaan nie net oor die kinders nie, dit gaan ook oor die invloed wat jy as ouer in hul lewens het. Dit gaan oor die impak wat jy het in hulle bestaan en hulle reaksie daarop. Voltydse ouerskap is nie

dieselfde as 'n vol lewe nie. Vra maar vir enige bejaarde wat alleen in die ouetehuis krepeer terwyl die kinders onbeskikbaar of afwesig is. Soms is dit menslik gesproke selfs selfopgelegde versaking deur kinders wat verniel of mishandel is. Soms is dit weens die gemeenskap se invloed dat kinders selfsugtig is. Wat ookal die oorsaak, die resultaat is ou mense met groot nageslagte wie se lewens alles behalwe "vol" is.

Vir vele is die bewys van 'n vol lewe die suksesse en prestasies van 'n besondere persoon. Dit is moontlik waar dat sukses en prestasie kan lei tot 'n gevoel van vervulling. Op hulle eie kan sukses en prestasies egter nie dui op 'n "vol" lewe nie. Die opofferings wat sommige maak om ongekende hoogtes te bereik is soms ten koste van hulself, hul naasbestaandes en dalk selfs hulle menswees. Hulle verloor hulself in die streef na prestasie. Ander weer bereik groot hoogtes, maar realiseer nie hulle volle potensiaal nie. Hulle is onvergenoegd, want hulle weet hulle het sonder ware toewyding sukses behaal. Nog ander presteer om ander tevrede te stel en elke oorwinning bly dan hol. Om nie eens te praat van die mense vir wie sukses en oorwinning op 'n skinkbord gegee word nie. Dan is dit tragies om te sien hoeveel mense verloor hulself in die strewe na sukses, maar die lewe en die geluk het hulle die rug gekeer. Nee, sukses is nie die beste maatstaf vir die "vol" lewe nie.

Enige lewe wat wil aanspraak maak op volheid, moet die balans tussen genoemde faktore en 'n paar ander vind. Selfs dan is daar een saak vir ons van groot belang. Die mens wat in geloof lewe, die mens wat in toewyding aan God lewe, se lewe is per definisie gevul met die hoogste prioriteit wat enige mens kan hê. Dit sou aanmatigend wees om enige gelowige lewe te sien as 'n Gees-vervulde lewe. Tog kan vele gelowiges getuig van 'n volle lewe. Gevul met toewyding aan God. Om werklik "vol" te kan wees, moet die lewe tog seker oorspoel na die volgende dimensie. Die lewe by God is in Christus gewaarborg.

Johan Otto (Premiermyn)

## BERIGTE

### GHG Bestuur

Die bestuur van die GHG vergader op 22 Julie 2022. Tydens hierdie vergadering gaan verskeie belangrike punte bespreek moet word.

1. Bondsvergadering: Die aard, Agenda en verteenwoordiging van die vergadering moet bevestig word. Volgens genotuleerde besluit, is hierdie jaar se vergadering die verkleinde vergadering waartydens die geouditeerde state hanteer word. Die bestuur moet sekere onlangse gebeurtenisse in ag neem in die handhawing van die verkorte Bondsvergadering se inhoud.
2. Hof stryd: Dit blyk dat die saak nou verby is. Die bestuur moet die nuwe situasie bespreek en die impak daarvan op die formaat van die Bondsvergadering in ag neem. Die pad vorentoe en die onderlinge ondersteuning gaan in ag geneem moet word.
3. Predikante beraad: Die beraad vind nou plaas in die dae voor die Bondsvergadering en die aard, tydsduur en inhoud sal vasgestel en gekommunikeer word.

**KAIROS NETWERK**

Die volgende kennisgewing is ontvang en word hier geplaas om lidmate bewus te maak van die beweging en die sake waaraan hulle tans kennis gee.

*Glo jy dat 'n kerk …*

*• Jesus se Goddelike outoriteit en dat Hy hoof van die kerk is moet erken?*

*• Die Woord van God suiwer sal verkondig, sonder aanpassings om wêreldse waardes of leefstyle te akkommodeer.*

*Glo jy dat lede van 'n kerk …*

*• Vir mekaar moet omgee en ondersteun om die uitdagings van die lewe te hanteer.*

*• Die waarhede van die Skrif prakties moet uitleef in 'n wêreld wat al minder daarvan wil weet.*

*• Die evangelie in liefde en verdraagsaamheid moet uitleef teenoor die wat in geestelike nood verkeer.*

*Word dan deel van die GESKIEDKUNDIGE GELEENTHEID wanneer gemeentes en individue oor denominasie-grense heen bymekaarkom om te gesels oor 'n nuwe Familie van Gereformeerdes.*

*DATUM : 21 en 22 Julie 2022*
*PLEK : AfriForum-teater in Brooklyn, Pretoria*

## *KENNISGEWINGS*

***KOERSVAS 2023***

*Predikante word bedank vir hulle getroue medewerking aan dagstukkies vir die 2023 uitgawe van Lewensbrood. By voorbaat dank vir u toegewyde werk en uitstekende oordenkings.*

*Gemeentes en enkelinge word nou reeds aangemoedig om hulle bestellings betyds te plaas om teleurstelling te voorkom.*

***DRUKWERK***

*Paul en Ella help graag met:*
*Kalenders*
*Kwitansieboeke*
*Offergawe boeke*
*Dames Kwitansieboeke*
*Konsistorie boeke*
*Reklame plakkate en ander drukwerk*
*ella@teamworkprinters.com*

